LA RETIREMENT FUND
Verseker jou aftrede

LEDE NUUSBRIEF

Februarie 2024

NOTA VAN DIE HOOFBEAMPTE

Beste Lid

Welkom terug na die vakansie en alles van die beste vir 2024. Ons hoop u geniet ons eerste nuusbrief van 2024, terwyl ons u steeds op hoogte hou van belangrike Fondssake en aspekte wat u aandag verg.

Hierdie nuusbrief bevat belangrike inligting oor die jaarlikse sterftevoordeel-opsieveranderings, die jongste ontwikkelinge rondom die tweepot-stelsel en inligting oor die Sanlam Reality-program wat vir alle lede beskikbaar is.

Onthou asseblief om die datum van die Algemene Jaarvergadering aan te teken. Ons sien uit daarna om vanjaar aanlyn met baie van ons lede te skakel.

Ons wil al ons lede bedank vir hul deurlopende ondersteuning. Die Raad van Trustees sal hul harde werk voortsit om te sorg dat die Fonds met sy buigsame voordeelreeks en voortreflike beleggingsopbrengste 'n voorsprong op fondse van sy portuur behou.

"Just do what works for you, because there will always be someone who thinks differently."
– Michelle Obama

Ilse Hartlief
Hoofbeampte

STERFTEVOORDEEL – VAN TOEPASSING OP LEDE WAT NÁ 1 AUGUSTUS 2017 LEDE VAN DIE FONDS GEWORD HET

As 'n lid van die LA Aftreefonds, kan u by u aansluiting by die Fonds self besluit oor die dekkingsbedrag wat u behoeftes en sak die beste pas. Indien u dit nie gedoen het nie, sou u toe outomaties dekking ingevolge die verstekopsie van toepassing op u ouderdomsgroep gekry het.

Ná aansluiting by die Fonds kry lede dan weer op die 1ste Julie van elke jaar en/of binne drie maande ná 'n lewensveranderende gebeurtenis, die geleentheid om hul veelvoud van jaarlikse salaris aan te pas en die vlak van hul dekking te verhoog, of te verlaag.

Vir watter voordele kwalifiseer u?

Die tabel hieronder illustreer die verskillende ouderdomsgroepe, die vlak van doodsdekking (veelvoude van jaarlikse pensioendraende salaris) beskikbaar in elke ouderdomsgroep en die verstekopsie van toepassing indien u by u aansluiting by die Fonds nie 'n formele keuse gemaak het nie. Uitoefening van die verstekopsie beteken dat u voordeel outomaties op 1 Julie wat op u 50ste verjaardag volg van 3 maal u jaarlikse pensioendraende salaris tot 2 maal die jaarlikse pensioendraende salaris sal verminder.

	Veelvoude van jaarlikse pensioendraende salaris
Jonger as 30	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3
Ouderdom 30 - 39	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3
Ouderdom 40 - 49	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 3
Ouderdom 50 - 54	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 2
Ouderdom 55 - 75	0, 1, 2 Verstek = 2

U kan u huidige vlak van doodsdekking op u 2023-staat van jaarlikse lidvoordele nagaan, of die afdeling vir lede-inligting op die veilige webtuiste besoek, of die Verso-mobiele toepassing (app) gebruik. U kan ook die Fonds se dienssentrum om hulp vra.

AANPASSING VAN U LEWENSDEKKING VOLGENS U BEHOEFTES

A. Verander u vlak van dekking op 1 Julie

U mag u vlak van dekking een keer per jaar verhoog deur u gekose veelvoud te verhoog, of u vlak van dekking verlaag deur die veelvoud te verlaag. U aansoek om u dekking **te verhoog** moet teen **31 Maart** deur die administrateur ontvang word. Indien dit deur die versekeraar goedgekeur word, sal die verhoging op die 1ste van die maand ná die versekeraar se goedkeuring (maar die vroegste op 1 Julie) in werking tree.

'n Aansoek om verhoging van die doodsdekking is onderhewig daaraan dat u bewyse van u goeie gesondheid aan die versekeraar verskaf. Die vereiste mediese inligting sal deur die versekeraar bepaal word en die koste verbonde aan mediese toetse en/of ondersoeke sal deur die versekeraar betaal word.

Indien u besluit om u dekking **te verlaag**, moet u aansoek teen **31 Mei** ontvang word. Geen mediese inligting word vereis wanneer 'n verlaging in doodsdekking versoek word nie. Kry asseblief die betrokke vorm van die webtuiste: *"Forms / Risk benefits: Annual change in insured death benefit option form."*

B. Verander u vlak van dekking binne 3 maande ná 'n lewensveranderende gebeurtenis

U kan ook kies om u dekking te verhoog of te verlaag wanneer u 'n lewensveranderende gebeurtenis ervaar.
'n Lewensveranderende gebeurtenis word gedefinieer as 'n troue, 'n egskeiding, die dood van 'n eggenoot, die geboorte van 'n kind, bevordering by die werk, of 'n verandering in u werkskontrak van permanent en heeltyds na 'n vastetermynkontrak, of andersom.

U het 3 maande vanaf die datum van die lewensveranderende gebeurtenis waarin u kan aansoek doen om 'n verandering van u lewensdekking. Kry asseblief die betrokke vorm van die webtuiste: *"Forms / Risk benefits /Life events that require a change in insured death benefits options form."*

C. Verskuiwing van een ouderdomsgroep na 'n volgende

BEWEEG VAN
30 - 39 tot 40 - 49

Wanneer u van die ouderdomsgroep 30-39 na 40-49 jaar beweeg, kan u kies om u dekking van 'n maksimum veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris na 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris te verhoog.

BEWEEG VAN
40 - 49 tot 50 - 54

Wanneer u van die ouderdomsgroep 40-49 na 50-54 jaar beweeg, word die maksimum veelvoud van 6 maal na 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris verlaag. Lede wat die opsie van 6 maal jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, sal outomaties vanaf 1 Julie wat volg op die bereiking van die ouderdom van 50, teruggeskuif word na 5 maal hul jaarlikse pensioendraende salaris.

BEWEEG VAN
50 - 54 tot 55 - 75

Wanneer u van die ouderdomsgroep 50-54 na 55-75 jaar beweeg, verminder u maksimum veelvoud van 5 maal na 2 maal u jaarlikse pensioendraende salaris. Op die 1ste Julie ná die bereiking van die ouderdom van 55 sal lede wat die 5, 4 of 3 maal jaarlikse pensioendraende salaris as dekking gekies het, outomaties teruggeskuif word na doodsdekking van 2 maal hul jaarlikse pensioendraende salaris.

DIT IS BELANGRIK OM DIE VOLGENDE TE ONTHOU

- Die maksimum bedrag van dekking verlaag na gelang van ouderdom. Die rede hiervoor is dat dekking toenemend duurder word hoe ouer ons word. Die trustees verkies dat lede vir hul aftrede spaar eerder as om groot premies vir doodsdekking te betaal.

- Indien u in die ouderdomsgroep 30-39 is en die maksimum veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, en dan geen keuse uitoefen wanneer u na die volgende ouderdomsgroep beweeg nie, sal u outomaties in die ouderdomsgroep 40-49 steeds kwalifiseer vir 'n veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris. Dit is ondanks die feit dat u aansoek kon gedoen het om u dekkingsveelvoud na 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris op te stoot.

- Indien u in die ouderdomsgroep 40-49 is en die maksimum veelvoud van 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, en u maak geen keuse wanneer u na die volgende ouderdomsgroep beweeg nie, sal die nuwe maksimum veelvoud van 5 maal se dekking outomaties van toepassing op u wees in die ouderdomsgroep 50-54.

- Vanaf die 1ste Julie ná die bereiking van die ouderdom van 55, word die maksimum veelvoud van dekking 2 maal die jaarlikse pensioendraende salaris.

Wat is die belangrike ouderdomme wanneer die maksimum dekking verander?

Wanneer u 40 word

Mag u u maksimum dekking na 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris verhoog.

Wanneer u 50 word

Word u maksimum veelvoud van 6 na 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris verlaag.

Vanaf 1 Julie ná u 55 word

Word u maksimum veelvoud van 5 na 2 maal u jaarlikse pensioendraende salaris verlaag.

LEDE-BETROKKENHEID

Ons herinner u om seker te maak dat die Fonds u huidige kontakbesonderhede (selfoonnommer en e-posadres) het, om te verhoed dat belangrike inligting vanaf die Fonds nie by u uitkom nie.

Ons moedig lede ook aan om die Verso-selfoontoep (InTouch by Verso) van die Apple of Android App Store af te laai. Die skakel vir die Verso Web App kan ook op die Fonds se webwerf oopgemaak word (klik op die Member Login-skakel om 'n nuwe gebruikerrekening te skep). As u dit nog nie beproef het nie, moedig ons u aan om dit te doen, want dit sal u moeiteloos toegang gee tot u lidmaatskap-inligting.

BEGUNSTIGDEBENOEMINGSVORM VIR DIE BEGRAFNISVOORDEEL

Ons doen steeds 'n beroep op ons lede om die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel in te vul, aangesien baie min van ons lede dit gedoen het. Gevolglik was daar lede wat te sterwe gekom het, wie se familie nie die geldmiddele gehad het om die begrafnis te reël nie. **Moet asseblief nie u familie in so 'n situasie plaas nie.**

As u nie die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel ingevul het nie en te sterwe kom, bepaal wetgewing dat die versekeraar u begrafnisvoordeel aan u boedel moet betaal.

As u nog nie die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel ingevul het nie, is dit belangrik dat u dit so gou as moontlik doen en terugstuur na support@laretirementfund.co.za. Maak asseblief seker dat u hierdie besonderhede op datum hou. Die vorm is op die Fonds se webwerf beskikbaar by *"Forms / Member Forms / Funeral Benefit Beneficiary Nomination"*, of u kan die Fonds se oproepsentrum skakel en hulle sal u help.

U moet die persoon wat vir u begrafnis verantwoordelik sal wees, op die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel benoem.

DIE TWEEPOT-STELSEL

U het heel moontlik kommunikasie van die Fonds ontvang oor, of in die nuus gehoor van, die tweepot-stelsel vir aftreefondsspaargeld. Die tweepot-stelsel probeer 'n balans kry tussen die bewaring van aftreespaargeld en beperkte vroeë toegang aan lede tot 'n deel van hul ledebelang voor aftrede.

'n Implementeringsdatum van 1 September 2024 is voorgestel. Wanneer dit bevestig is en die besonderhede van die nuwe wetgewing bekend gemaak is, sal ons meer besonderhede vir u deurgee.

Die Raad van Trustees het begrip vir die huidige finansiële behoeftes van hul lede, maar maan teen die onttrekking van geld uit die spaarpot, omdat dit 'n lid se aftreespaargeld sal uitput en moontlik in 'n finansiële verknorsing sal dompel by aftrede.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Fonds het sy Algemene Jaarvergadering (AJV) vier jaar lank suksesvol virtueel gehou. Dit was 'n dawerende sukses en het lede wat andersins nie die vergadering sou kon bywoon nie, in staat gestel om dit virtueel by te woon. Met dié in gedagte sal die Fonds weer eens sy Algemene Jaarvergardering virtueel hou om 9:00 op Vrydag, 24 Mei 2024.

Om die AJV virtueel te hou sal aanhou om die tyd en onkoste wat nodig is om na Kaapstad te reis te verlig en sal meer lede in staat stel om die vergadering by te woon en om deel van die besprekings van belangrike Fondssake te wees. Dit verminder ook Fondskostes, wat tot die voordeel van alle lede is.

Kommunikasie wat die verkiesing/nominasie van lede-, pensioenaris- en raadslid afgevaardigdes versoek, is gestuur aan die deelnemende plaaslike owerhede. Die Raad van Trustees moedig alle lede aan om die virtuele AJV by te woon, aangesien dit lede die geleentheid sal gun om regstreeks te hoor van die Fonds se beleggings, die befondsingsvlak, voordeelstruktuur en die hooftrekke van die jaarlikse finansiële state van 2023. Lede sal ook genooi word om vrae te vra aan die einde van die AJV.

Hierdie is ú Fonds - dit is u geleentheid om die inligting te bekom wat u nodig het om te verseker dat u die besonderhede verstaan sodat u eendag gerieflik kan aftree.

Sluit by ons aan op Vrydag, 24 Mei 2024 om 9:00 - wees op die uitkyk vir die AJV-nuusflits en aanlyn skakel wat nader aan die tyd aan alle lede gestuur sal word.

AFTREEVOORDELERAADGEWER EN KLIËNTESKAKELBEAMPTE

Die Fonds se Aftreevoordeleraadgewer, Grant Greenfield, en die Kliënteskakelbeampte, Glenda Kunene, is beskikbaar om u te help met enige vrae wat u oor die Fonds mag hê.

Hulle kan op die volgende maniere gekontak word:

Grant Greenfield
(Aftreevoordeleraadgewer)
021 - 943 5305,
of e-pos:
support@laretirementfund.co.za

Glenda Kunene
(Kliënteskakelbeampte)
081 778 0923,
of e-pos:
glendak@verso.co.za

Die Fonds het 'n WhatsApp-nommer (081 806 9959) wat 'n gerieflike wyse aan lede bied om effektief tydens kantoorure (Maandag tot Vrydag van 8:00 tot 16:00) met die Fonds te kommunikeer.

FAMILIE-BYSTAND VOORDELE

Die Momentum Multiply for Corporates-program is vanaf 1 Januarie 2024 gestaak. Slegs lede met sterftevoordele by Momentum het vir hierdie program gekwalifiseer.

Alle lede het nog steeds toegang tot die voordele van die Sanlam Reality-program, wat 'n magdom voordele gratis aanbied.

Sanlam reality

Afslagkoepons	Afslagkoepons vir kruideniersware, wat landwyd vir'n verskeidenheid verbruikersgoedere gebruik kan word
	Maandelikse afslagkodes via SMS, vir inkopies by Shoprite en Checkers, onderhewig aan die verskaffing van kontakbesonderhede
Ivy Online opvoedkundige platform	Toegang tot 'n gratis aanlyn aanvullende opvoedkundige platform wat op die CAPS-kurrikulum vir Graad 8 tot 12 gebaseer is. Toegang tot gratis e-boeke, video's, potgooie en vasvrae
	Skryf in vir plaasvervangende skoolonderrig teen afslagtariewe by Ivy Academy. Gekwalifiseerde onderwysers sal jou help om vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Cambridge-kwalifikasie te studeer
	Materiaal en inhoud word optimaal vir lae bandwydte en datagebruik voorberei om tot ses leerders per gesin te ondersteun
Repatriasie- en begrafnis-ondersteuning	24/7 Hulplyn
	Reël vervoer van oorskot na die finale begrafnisonderneming in Suid-Afrika
	Bystand met begrafnisreëlings
Regshulp	24/7 Regsadvies-hulplyn wat deur gekwalifiseerde interne prokureurs beman word
	Bystand met standaard-regsdokumente en regstreekse regskonsultasie
	Verwysings vir persoonlike regshulp – eerste 30 minute gratis, plus een gratis aanmaningsbrief en een gratis telefoonoproep namens die lid
Mediese bystand in noodgevalle	24/7 Noodhulplyn vir jou, jou gade en kinders terwyl julle vir nooddienste wag
	Nood mediese bystand en vervoer per pad of lug in die geval van lewensbedreigende situasies
	Veilige verwydering van kinders van die ongelukstoneel en toediening van lewensreddende medikasie
Bystand vir trauma, aanranding & MIV	24/7 Noodhulplyn vir jou, jou gade en kinders vir trauma, aanranding en blootstelling aan MIV
	Mediese behandeling vir liggaamlike besering veroorsaak deur aanranding
	24/7 Trauma-, aanranding- en MIV-ondersteuning onmiddellik na toevallige of gewelddadige blootstelling
	Telefoniese bystand vir algemene, nie-noodverwante mediese konsultasie en advies
Wealth Sense-portaal	Aanlyn berekeningsprogramme en hulpmiddels
	Inligting in verband met geldsake, veiligheid en gesondheid

Hier is maklike maniere waarop u toegang tot hierdie voordele kan kry:

Gaan na www.sanlamreality.co.za om u eksklusiewe voordele te ontsluit.

Bel 0860 732 548 of 9 en volg die por vir "Reality Access for SGR".
Ons oproepsentrum kan u help om toegang tot voordele te kry en spesifieke vrae van u kant beantwoord.

Werk u persoonlike inligting by om toegang te kry tot eksklusiewe aanbiedings en die jongste inligting.

Trustees: Mnr J Jacobs (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr DL Carstens | Mnr SF du Toit
Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Mnr WR Meiring | Mnr S Philander
Hoofbeampte: Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530
WhatsApp 081 806 9959 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za | https://www.facebook.com/LARetirementFund | Fondsregistrasienommer 12/8/1278